Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 16 no 7

Julie 2007

Tema: Etiek

- **Onthou van hoerery – Etiek en seksualiteit 2**
- **Etiek en die Beurs 4**
- **Grense aan genot 6**
- Die boelie ... en die slagoffers 8
- Hoe breed kyk ons nog? 10
- Gereformeerd of Evangelies/Charismaties (2) 12
- Korrupsie 15
- Ons Sendingsroeping (1) 18
- Geloofservarings in Australië – reaksie 19

DIT IS GOED OM 'N VROU NIE AAN TE RAAK NIE

Ons leef in 'n wêreld waar die uitleef van seksualiteit 'n baie hoë premie geniet. Die wêreldbekende psigoloog, Maslow, het 'n piramide opgestel wat die hiërargie van 'n mens se lewensbehoeftes voorstel. Heel onder aan die piramide, as basis van 'n mens se lewensbehoeftes, word op een vlak gestel o.a.: asemhaling, kos, slaap, water, … en liggaamlike omgang. Op hierdie basis van die piramide funksioneer 'n mens se lewensbehoeftes as *instinkte*.

Verlief wees, die ervaring van erotiese gevoelens, die uitleef daarvan… dit word as onmisbaar beskou. Dit is eers wanneer hierdie behoeftes bevredig is, dat daar na ander behoeftes soos veiligheid, sekuriteit, die behoefte aan liefde, orde of vriendskap gekyk word. Daar moet gestreef word na vryheid vir elke mens om hom- of haarself op hierdie basiese vlak te kan uitleef. Erotiek moet sy vrye gang kan gaan. Net soos slaap, asemhaal, eet en drink. Die mens is eintlik 'n gevangene opgesluit in 'n behoeftebevredigingstronk waarin hy nie anders kan as om sy (dierlike) instinkte uit te leef nie.

Die Here hou aan ons 'n heel ander prentjie voor wanneer oor die vryheid van die liefde gepraat word. In 1 Korinthiërs 7 val Paulus met die deur in die huis: "*dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie*" (7:1). Hy gee geen waarskuwing vanuit ouderwetse preutsheid aan manne om weg te bly van vroue nie. Maar mans én vroue in 'n seksmal Korinthe hoor wel 'n bevrydende evangelie. Seksuele uitlewing is geen onmisbare noodsaak nie. Asof jy nie volkome vrou of man daarsonder sou kon wees nie. Die Christelike uitgangspunt is radikaal anders: wie die Here aanhang, het een gees met Hom geword - my liggaam is in die eerste plek 'n tempel (woonplek) van die Gees (1 Kor. 6:17). My liggaam behoort in die eerste plek aan die Here wat dit duur gekoop het. Seksuele onthouding is goed vir 'n mens. Dit is goed dat jonk en oud hierdie bevrydende Woord hoor. Ons hoef geen slawe te wees van ons "libido" nie - Sigmund Freud ten spyt!

Wanneer Paulus oor seksualiteit gaan praat, wil hy begin met hierdie vryheid, rykdom en vervulling wat ons in Christus het. In die gemeente van Christus is jy voluit mens in Christus. Jy hoef nie eers jou liggaam vir 'n ander te gee nie. Jou liggaam hoef nie op die huweliksmark aangebied te word nie. Jou liggaam is klaar duur gekoop.

Ook word die huwelik nie as "norm" vir almal voorgehou nie. Hy wil juis voorkom dat ons die huwelik gaan idealiseer. Net so min as wat die Here wil dat ons die ongetroude lewe as ideaal aan mekaar gaan voorhou. Volgens Paulus kan getroud en ongetroud rustig langs mekaar staan as twee moontlikhede waardeur ons die Here se eienaarskap oor ons lewe kan uitleef. Maar albei moet dan ook geldende opsies vir ons almal wees. Daar mag nie vanuit die huwelik met "simpatie" na ongetroudes gekyk word nie.

Ds Eugene Viljoen

ONTHOU VAN HOERERY – ETIEK EN SEKSUALITEIT

Ds Eugene Viljoen

TEMA: ETIEK

Dit wat Paulus aan die gemeente in Thessalonika oor hoerery skryf, herinner baie sterk aan die besluit van die apostels en oudstes in Jerusalem waarvan ons in Handelinge 15 lees. Die vraag wat daar beantwoord moes word, was wat wel en wat nie die wil van die Here is vir gelowiges wat nie-Jode is. Die gevolgtrekking aan die einde van 'n lang oorleg was dat geen vereiste aan die gelowiges uit die heidense volke opgelê mag word wat nie noodsaaklik was nie (Hand. 15:22). Die noodsaaklike verpligtinge was soos volg: "dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery" (15:29). Vroeë Christelike etiek vir 'n Christelike lewe wat onderskei word van dié van die heidene.

1 Thessalonicense 4

Dit was nodig om juis hierdie dinge te beklemtoon, omdat die verdraagsaamheid ten opsigte van diens aan ander gode en 'n seksueel losbandige lewe so uitermate groot was in die Griekse kultuur van daardie tyd. Paulus en Barnabas kry hieroor 'n brief wat hulle saamneem op hulle verdere reis na Antiochië. Dit klink asof hierdie besluit byna woordeliks ook aan die gelowiges in Thessalonika voorgehou is: *"Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery"* (1 Thess 4:3). Ontsporings op seksuele gebied vind so maklik plaas.

In diens van die Here

Hoe belangrik hierdie waarskuwings teen geslagsgemeenskap buite die huwelik ook al is, is dit nie die spits van die sewende gebod nie. Die sewende gebod is veel meer omvattend. Dit begin ook nie by misbruik van seksualiteit nie. Die sewende gebod het daarmee te doen dat ons ons geslagtelikheid, ons man- en vrou-wees, in diens van Christus moet stel. Die groot sonde teen die sewende gebod pleeg ons daarom wanneer ons ons geslagtelikheid *losmaak van ons diens aan die Here*. In die Skrif is 'n huwelik met 'n ongelowige veel erger as 'n sg. "moet-huwelik"! Huwelike waarin man en vrou nie één is in hul begeerte om die Here te dien nie, vorm gereeld die onderwerp van die apostels se pastorale sorg.

Is dit daarom nie vreemd dat ons heel ernstig kan voel oor 'n sg. "moet-troue", maar nie eers meer nadink oor 'n jongman/-meisie wat 'n verhouding het met iemand saam met wie hulle nie een is in hulle diens aan die Here nie? En dan dink ons nie aan verhoudings met iemand van buite die gemeente nie. Laat ons binne die gemeente begin en vra of ons nog iemand uit die gemeente as huweliksmaat neem omdat ek begeer om die Here saam met die persoon te dien. Wanneer Israel op pad is om die beloofde land in te trek, word hulle gewaarsku teen allerlei vorms van seksuele onreinheid. Maar staan die waarskuwing om geen huwelik te sluit met die seuns of dogters van die ongelowige inwoners van Kanaän, nie nóg sterker op die voorgrond nie? Die Here is vir ons liggame en ons liggame vir die Here (1 Kor. 6:19 e.v.).

Geheilig vir Christus

Wanneer Paulus in sy eerste brief aan die Thessalonicense seksualiteit aan die orde gaan stel, herinner hy die gemeente aan "*bevele (wat) ons julle deur die Here Jesus gegee het*" (4:2). Elke gebod van God kom nou in die Naam en gesag van die Here Jesus na ons. Ook die sewende gebod: "Jy mag nie egbreek nie". Christus wil geheel en al beslag lê op jou as mens.

Van die begin reeds het die Here die man en die vrou gemaak. Manlik en vroulik is ons gemaak. En dit was alles baie goed (Genesis 1:31). Waarom was dit alles so goed en mooi? Omdat man **en** vrou gemaak is om in diens te staan van die uitbreiding van God se koninkryk. En omdat die Here die twee so mooi gemaak het om by mekaar te pas. Hulle kon mekaar so goed help met die groot opdrag wat die Here hulle gegee het: "*Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers daaroor*". Man en vrou in diens van God se koninkryk! Deur hulle as man en vrou op aarde te plaas, wil die Here iets van sy Koningskap in die hemel sigbaar laat word hier op die aarde. Hulle gaan mekaar daarin help, want hulle pas goed by mekaar.

Hulle pas só goed by mekaar dat hulle selfs liggaamlik een kan word. Die Here kom verbind selfs sy seën daaraan. Hulle kon vrugbaar wees en vermeerder onder die seën van die Here. Kinders is nie 'n las nie, maar deel van die seën van die Here. Om kinders te kry is ook nie maar net vir die aardigheid nie. So asof kinderloos bly net so 'n goeie keuse sou wees nie. Die vrugbaar-wees is 'n konkrete OPDRAG van die Here. Want die Here verbind die heerskappy oor die skepping heel regstreeks aan die vrugbaar-wees. So anders as wat ons vandag dikwels na die ontvang van kinders kyk – Adam en

Eva heers oor die skepping deur óók vrugbaar te wees. Dikwels sien mense kinders ontvang as 'n in-die-pad-staan van ons "eintlike" werk en loopbaan. Die Here bedoel egter kinders-kry as 'n seën. Dit is nie om dowe neute dat die Here steeds die genade-beloftes aan die gelowiges ook verbind aan hulle nageslag nie: "*Ek sal vir jou 'n God wees…en vir jou nageslag na jou*". Geen ontmoediging nie, maar juis aanmoediging om kinders van die Here te wil hê.

Geen los artikel nie

Maar hierdie verwekking van kinders is nie maar sommer 'n los artikel om te gebruik nie. Die plek vir hierdie opdrag om seksualiteit aktief uit te oefen, laat die Here nie aan Adam en Eva se goeddunke oor nie. Die uitleef van seksualiteit word deur die Here verbind aan die huwelik. Een man en een vrou. Daarvan lees ons in Genesis 2:18 - 24. Hier het ons nie net 'n beskrywing van hoe Adam aan sy vrou gekom het nie. Die beskrywing van die manier waarop Adam en Eva by mekaar uitgekom het, eindig met die algemene reël wat God vasstel vir álle manne en vroue: "*Daarom sal **die man** sy vader en sy moeder verlaat en **sy vrou** aankleef. En hulle sal een vlees wees.*" Lewenslank aan mekaar verbind. Hulle kom nie maar by geleentheid by mekaar nie. Hulle lééf saam; sáám dien hulle die Here en help mekaar.

Beskerming

Ook die mens se geslagtelikheid is deur die sonde verniel en geplunder. Adam en Eva word skaam vir mekaar. Hulle word soos vreemdelinge vir mekaar. Ander, soos Lameg, word skaamteloos – hy neem vir hom twee vroue bloot vanweë hulle fisiese aantreklikheid. Na 'n tyd van dikwels oordrewe skaamtegevoelens (preutsheid), leef ons vandag in 'n tyd waar daar byna geen skaamtegevoelens meer oor is nie.

Die wil van God is heel anders. God se wil is ons heiligmaking (1 Thess. 4:3). Hy wil dat ons ons sal onthou van hoerery. As ons God wil behaag (4:1), moet ons anders leef. Die Thessalonicense wat hulle van die afgodery bekeer het, moet hulle anders gedra op pad na die huwelik en daarin. "*Nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie*" (1 Thess. 4:5). Hiervoor gebruik die apostel Paulus 'n uitdrukking wat vir ons heel vreemd mag klink en daarom ook vreemd vertaal is in ons Bybels. Ons sal dit waarskynlik as volg moet vertaal: "*Elkeen van julle moet weet om sy* skaamte (skeuos) te bewaar/beheer *in heiligheid en eer"* (vs. 4). Dit geld vir mans en vroue. Ons laat ons nie beheer deur ons geslagtelikheid nie, maar deur die wil van God.

Heiliging

Nie hartstogtelike begeertes sal die eerste en laaste sê in ons lewens hê nie. Ons sal regeer word deur God se wil. Ek laat my nie beheer deur my "gevoel" vir die meisie of jongman nie. Dit kan wees dat ek heel sterk "gevoelens" vir iemand het, maar dit werklik nie MAG hê nie. Verliefde gevoelens is geen wet vir homself nie. Paulus se vermaning aan die Thessalonicense is: Ons vra en vermaan julle in die Here Jesus dat julle volgens die heiligheid wat God vra, sal leef. "*Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking"* (vs. 7).

Teenoor dit alles staan God wie se wil vir ons op pad na en in die huwelik die heiligmaking is. Nie maar sommer 'n huwelik nie. God wil 'n heilige huwelik. Nie sommer 'n huwelik "met iemand binne die kerk" nie. Maar 'n *heilige* huwelik met 'n jongman of -vrou binne die kerk. Die eerste vraag is nie of die ander ook in jou kerk is nie, maar of die ander ook saam met jou die heiligheid voor die Here begeer. Dan mag die ander dalk nog nie saam in een kerk wees nie, maar dan is die basis, die ENIGSTE basis, gelê vir alle verdere gesprekke oor 'n toekomstige verhouding.

Die tema's wat volgende keer in KOMPAS bespreek gaan word:

Augustus : Sending en Evangelisasie in SA
September : Kerklike tradisies
Oktober : Erfenis

ETIEK EN DIE BEURS

Kokkie Kooyman

TEMA: ETIEK

Interessante vraag: "Etiek en die Beurs". Net asof die beurs 'n ander etiek benodig as sport, jou werk, jou omgang met jou medemens ...
Die aandelebeurs (daar is ook "beurse" vir staatseffekte, groente, afgeleide instrumente, ens.) is maar net 'n plek (deesdae elektronies) waar kopers en verkopers mekaar ontmoet en op 'n prys ooreenkom.

Maar as gevolg van die groot bedrae geld, asook die groot prysskommelings wat plaasvind, is die versoeking om oneerlik te wees of om te dobbel, groter.
Beleggers en deelnemers word beskerm deur 'n magdom wetgewing, reëls en regulasies. Maar elke appel wat aantreklik lyk, wek die inherente hebsug en ontevredenheid in die mens op. Baie mense kan die versoeking om hoë winste op 'n onverantwoordelike of selfs oneerlike wyse te maak, nie weerstaan nie. Korttermyn-beleggers probeer munt slaan uit onvoorspelbare korttermyn-prysskommelings van die beurs (soms met geleende geld).

Gedurende jare wanneer lae rentekoerse heers, word die ekonomie sterk gestimuleer. Maar "goedkoop geld" stimuleer ook spekulante, omdat die beurs gedurende hierdie periodes goeie opbrengste lewer (ons het sedert 2003 weer so 'n periode gehad). Die skyn word gewek dat almal goed doen op die beurs. Dit trek baie ongesofistikeerde slagoffers. Juis hierdie beleggers misken die rol van geluk, of die fase waarin die beurs is, en skryf hul goeie opbrengste toe aan hul eie vaardigheid. Hierdie "sukses" lei tot steeds meer spekulante wat steeds hoër en meer onverantwoordelike risiko's neem.

Sulke "bubbles" (seepbelle) kom met gereelde tussenposes voor (John Maynard Keynes beskryf die geskiedenis van hierdie "seepbelle" vanaf die "Tulpe-seepbel" in die 1600's tot die onlangse Amerikaanse beursinsinking in "A short review of financial euphoria").
Elke seepbel eindig egter op dieselfde manier. Die spekulante en ongesofistikeerde "beleggers" verloor groot bedrae geld wanneer die seepbel bars. Diegene wat op skuld geïnvesteer het, verloor meer.

Jesus waarsku sterk teen die begeerte na meer weelde in Lukas 12:13-21: 'n Mens se lewe kry nie vervulling deur die hoeveelheid van sy besittings nie. Paulus waarsku ook in sy brief aan Timotheus (1 Tim. 6:9+10): "Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor."

Baie Christene is daarom wantrouig teenoor die beurs, maar met dieselfde redenasie sou ons nooit die internet of TV wou gebruik of alkoholiese dranke drink nie, vanweë die gevaar om pornografiese materiaal raak te loop of om aan alkohol verslaaf te raak.

Beplanning vir die toekoms is 'n goeie Bybelse beginsel. Die Bybel waarsku teen vertroue op eie vermoëns (dus God se almag en bestuur buite rekening laat). Die Here leer die Israeliete van vroeg af dat, terwyl sonder sy seën alles tevergeefs is, dit nie die verantwoordelikheid om te beplan, wegneem nie.

So ook met beplanning vir aftrede en onvoorsiene gebeurlikhede. Die Here wil ons leer dat alles wat ons aanpak, gegrond moet wees op die beginsels vasgelê in sy Woord. Daarsonder kan ons nie by die beplanning sy seën vra of verwag nie.

Die vraag is dus eerder tot watter mate die Christen beleggings via die beurs op 'n verantwoordelike manier kan gebruik as middel om voorsiening te maak vir sy/haar aftrede (en vir die steeds stygende koste van mediese versorging na aftrede).

Belegging via die beursindekse (of aandele wat die indeks weerspieël) het in amper elke land in die wêreld oor langer tydperke (20, 50 of 100 jaar) beter opbrengste gelewer as ander aanvaarde vorms van spaar soos bankdeposito's, eiendom, ens. Diegene wat glo dat eiendom 'n goeie manier van belegging is, besef nie die slaggate wat daarmee saamgaan nie: aanvanklike hoë skuldlas ("gearing"), hoë transaksiekoste, huurinkomste nie gewaarborg nie en baie lae verspreiding van risiko.

Onsekerheid en Wet van Waarskynlikhede

Die mens kan nie in die toekoms sien nie. Maar ons kan wel die "tekens van die tye" lees. Ons

maak daagliks aannames ten opsigte van die toekoms op grond van patrone in die verlede. So sal 'n boer weet wanneer dit die beste tyd is om sekere gewasse te plant.
Ek kan met redelike sekerheid oorsese gaste wat graag warm weer wil hê, nooi om in Februarie Kaap toe te kom en liewer in Augustus weg te bly. Dit sou kon wees dat in een spesifieke jaar die weer verskriklik "omgekrap" is en dit in Februarie baie reën en in Augustus mooi weer is, maar nie vir 10 agtereenvolgende jare nie.
Verantwoordelike beleggers maak besluite om aandele te koop nadat hulle noukeurig die verlede van 'n maatskappy ondersoek het en "die tekens van die tye" lees en op grond daarvan vooruitskattings ten opsigte van die toekoms maak. Net soos 'n boer, word dit gedoen op grond van waarskynlikhede. Die gevaar (en die dobbel-element) is juis wanneer oningeligte persone beleggings maak. 'n Mens kan dit vergelyk met iemand wat opehart-operasies wil aanpak nadat hy 'n paar naweke mediese joernale oor sulke operasies gelees het.

Etiek en die beurs

Vir Jan Publiek is dit dieselfde as elke ander aktiwiteit wat hy aanpak. Met watter gesindheid benader hy dit? Die meegaande tabel is 'n effektetrust tydens die 11 jaar-periode 1970-1980.

	jaareinde prys	*dividend uitbetaling*		*dividend koers*
1970	88.2	4.23		4.8%
1971	87.3	5.46	-1%	6.3%
1972	120.0	5.30	37%	4.4%
1973	109.7	5.99	-9%	5.5%
1974	83.4	6.97	24%	8.4%
1975	96.0	8.08	15%	8.4%
1976	97.4	9.19	1%	9.4%
1977	115.4	9.19	18%	8.0%
1978	149.7	10.26	30%	6.9%
1979	214.6	11.50	43%	5.4%
1980	351.0	16.53	64%	4.7%

- Die periode 1970–1974 het gevolg op 'n tydperk waar die beurs besonder duur was. Die beursindeks het dus gedaal in 1974 tot onder sy 1970-vlak (behalwe vir die oorwaardasie in 1969/1970, het oliepryse gestyg in 1973/1974. Dit het groot onsekerheid laat heers ten opsigte van toekomstige ekonomiese groei.)
- Die gevolg was dat die beurs in 1974 besonder goedkoop was (kan gesien word aan die hoë dividendkoers - 8.4%).
- Dus, beleggers wat gedurende 1974–1976 belê het, is beloon met hoë kapitaalgroei asook 'n hoë dividendkoers in die daaropvolgende jare. Was dit dobbel, of eties verantwoord?

Die wyse belegger in 1974 het geweet dat hy nie die toekoms kan voorspel nie. Hy kon egter wel sien dat die aanslag van die beurs baie laag was (daar is baie maatstawwe, maar veral die hoë dividendkoers van bo 8% was 'n goeie aanwyser). 'n Bietjie navorsing sou gou getoon het dat so 'n hoë koers uitsonderlik was en altyd gevolg is deur baie jare van goeie opbrengste. Maar die belegger wat hierdie besluit in 1974 geneem het, is werklik eers in 1977/1978 beloon. Dit beklemtoon die geduld benodig vir goeie beleggings. Dit lyk amper of Spreuke 13:17 die langtermyn-belegger in gedagte gehad het!

Die antwoord dus op die vraag of die Christen op 'n verantwoordelike manier deur middel van die beurs kan belê, lê by die wortel, nl. begeerte. Wat dryf u: die begeerte om vinnig met min huiswerk geld te maak, of om deur gesonde langtermyn-beleggings te spaar vir die uitgawes wat volg na aftrede?

GRENSE AAN GENOT

Hans Moes

TEMA: ETIEK

Ons leef in 'n tyd waarin ons van alle kante opgeroep word om die lewe voluit te geniet. Koop dit, span daar uit, beproef jou geluk hier. Om dinge te geniet is mos beter as om neerslagtig te wees. Dit is mos aangenamer om na 'n feespartytjie te gaan as na 'n bedroefde. Ons wil graag aangenaam en met plesier lewe. Is plesier dan nie ook iets wat God aan ons skenk nie? Pluk die dag, want die lewe is maar kort. So sê die wêreld waarin ons lewe. Maar wat sê die Bybel? Dit is beter om na 'n klaaghuis te gaan as na 'n feeshuis. Dit is beter om verdrietig te wees as om te lag (Pred. 7:2,3). Is laasgenoemde die lewenshouding wat 'n Christen moet kies?

Die boeke Spreuke en Prediker is boeke van lewenswysheid, terwyl Spreuke spesiaal vir die jeug geskryf is (Spr. 1:4 en die herhaaldelike: "my seun"). En wie God se boom van wysheid en lewensdissipline vroeg in sy lewe plant, sal ook later die vrugte daarvan pluk. Hierdie boeke gee praktiese raad oor die lewe van 'n verbondskind van God, om te lewe in opregtheid, geregtigheid en gebalanseerdheid. Aan die een kant spoor dit aan om die lewe te geniet (Pred. 11:9-10), maar aan die ander kant waarsku dit teen 'n lewe van oppervlakkige vreugde (Pred. 7:1-6) en om nie van God se gebooie af te wyk nie (Pred. 12:13-14). Die wysheidsboeke in die Bybel sou dus ook boeke van gelowige (Christelike) etiek genoem kon word, waar die Bybel en God se openbaring gebruik word as die norm om die moraal vir menslike gedrag te bepaal.

Vir die bepaling van Christelike gedrag moet ons eerstens vasstel wat God se geopenbaarde wil is en dan wat dit in ons omstandighede en tyd beteken en hoe ons dit in ons lewe as Christene moet toepas. Die toepassing op ons Christelike gedrag kan toegespits word op ons innerlike gedrag asook op ons gedrag teenoor ons naaste. In hierdie artikel sal ons probeer om dit toe te pas op lewensgenieting en die gebruik van genotmiddele, besonderlik op wat die norm en wat die grense van genot is.

Praktyk

Daar is opmerklike verskille tussen Christene wat betref die gebruik van genotmiddele soos alkoholiese drank en rook. Vir party toegewyde Christene is dit totaal onaanvaarbaar om drank te gebruik of te rook. Drank, rook en dwelms hoort by 'n wêreldse lewe. Dit breek jou liggaam af, bedwelm jou gedagtes, maak jou verslaaf en laat jou nie toe om God met 'n helder verstand te dien nie. 'n Christen moet hom dus daarvan onthou, in navolging en verdere toepassing van Paulus se oproep in 1 Kor. 6:10-11 en Gal. 5:10-21. Christene moet toepas wat Paulus in Gal. 5:24 sê: "Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig".

Daar is ook Christene wat die onthouding van genotmiddele motiveer uit die baie misbruik en verslawing wat daaruit voortspruit. En wat drank en dwelms betref is daar inderdaad 'n groot probleem in Suid-Afrika. Daar is baie mense wat verslaaf is aan drank of rook en wat hulle gesin, sosiale lewe of gesondheid ernstig daardeur benadeel. Deur 'n goeie voorbeeld te stel, sal 'n Christen sy medegelowiges wys dat jy sonder hierdie genotmiddele kan lewe. Want Paulus sê in 1 Kor. 6:12: "Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie". Ter wille van jou swakker broer of suster sal jy jou van sekere dinge onthou om hulle nie aanstoot te gee nie (1 Kor. 8). Op hierdie manier beskerm jy tewens jouself teen die verslawende werking van genotmiddele.

In die Middeleeue het die gewoonte onder toegewyde Christene ontstaan om hulle van sekere aardse genietings te onthou. Hulle het 'n lewe van askese en selibaat gelei om afstand te neem van die sondige aardse lewe om so die siel nader aan God te bring (met selfs geseling daarby). Daarteenoor het Luther die lewe in dankbaarheid en blydskap, as gelowiges wat verlos is deur Jesus Christus, benadruk. Ook die navolgers van Calvyn het gestel dat ons God kan en moet eer in ons hele lewe op aarde. Hierdie wêreld met alles daarin is deur God geskape en die mens kan daarin en daarmee sy Skepper dank en eer. Paulus sê in 1 Kor. 10:31: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God".

Daar is wel erken dat daar uitwasse kan wees, ook reeds in die Bybel, soos die wynboer Noag wat hom dronk gedrink het (Gen. 9:21). Daarom waarsku die Bybel ons nadruklik en herhaaldelik teen misbruik van God se goeie gawes, soos "brasserye en swelgpartye" (Spr. 20:1, Spr. 23:20-21, Rom. 13:13, Ef. 5:18).

Skepping en Sondeval

Om te besin oor die gedrag wat van 'n Christen verlang word, sal dit goed wees om te besef wat die mens

se plek en doel in die skepping is. Na hul skepping het die mens en sy vrou as woonplek van die Here ‘n lushof, boom-tuin, park of paradys ontvang in die land Eden om daar te woon (Gen. 2:8). Die lushof het voldoende voedsel (groente en vrugte) opgelewer om van te eet. Die mens kon die lewe daar sonder sorge geniet. Hulle kon hul kultuurtaak sonder bekommernis uitvoer en God loof en eer in hul lewe. Die lewe en werk daar was ‘n paradyslike vreugde.

Na die sondeval het “dorings en distels” in die mens se lewe gekom. Maar die doel in sy lewe, om met blydskap voor God se aangesig te lewe en Hom te dien, het gebly (Pred. 3:12+13, 5:17 en 8:15). Die Here bepaal selfs dat die Israeliete ‘n aantal groot feeste moes vier (Lev. 23). Behalwe vir die sabbat was daar vyf groot feeste, ‘n aantal selfs van ‘n week lank. So kon die Israeliete die Here loof oor sy goeie sorg vir hulle in die beloofde land Kanaän en vir sy skeppingsgawes (Ps. 104). By hierdie feeste kon hulle ook die Here loof vir “die wyn wat die mens se hart kan blymaak” (Ps. 104:15).

Die Israeliete het intensief wingerde geplant en wyn by die daaglikse maaltyd en by feeste geniet. Josef het saam met sy broers lekker geëet en gedrink en hulle het saam vrolik geword (Gen. 43:34). Die Here Jesus het deur sy wonder in Kana (Joh. 2) ook gesorg dat die bruilofsfees in alle vrolikheid met goeie wyn voortgesit kon word (die ses klipkanne kon tot soveel as 500 ℓ water bevat).

Daar was wel tye wat die Israeliete (en selfs die bewoners van Ninevé) hulle van voedsel en drank onthou het (tydens vasdae), maar dit was by uitsondering en van beperkte duur, as teken van verootmoediging. Ander mense, nasireërs, het deur geboorte of ‘n gelofte hulle onder andere onthou van wyn, bier en sterk drank. Hierdie onthouding was egter steeds met ‘n bepaalde doel.

Gevolgtrekkings

Watter gegewens kan ons nou uit die Bybel aflei? Eerstens dat die Here sekere dinge in sy skepping aan die mens gegee het om van te geniet. Hierdie genietings moet egter steeds in verantwoordelikheid en in dankbaarheid teenoor die Here wees. Ons moet besef dat ons liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees (1 Kor. 3:16). Ons verstand moet ten alle tye helder bly, sodat ons verantwoordelikheid kan bly hou vir ons dade. Dus, dwelms en dronkenskap is uit. Omdat daar nadelige aspekte gekoppel is aan sekere genotmiddele (selfs koffie), moet ons oppas dat ons nie afhanklik van hierdie middele (verslaaf raak) word nie of ons gesondheid daardeur benadeel nie.

Ons is ook verantwoordelik vir ons naaste, in die besonder vir ons broers en susters. As hulle kwesbaar is vir ons gebruik van genotmiddele, dan sal ons nalaat om dit in hulle teenwoordigheid te gebruik. As daar op jeugkongresse ervaring is met alkoholmisbruik deur sommiges, dan is dit beter om hulle nie in versoeking te bring nie en dus geen alkohol toe te laat nie. So neem ons verantwoordelikheid en beskerm ons ons broer of suster. Ons sal dus geen alkohol drink terwyl ander in ons geselskap daardeur in versoeking kom of aanstoot kan neem nie. Ons moet ook ander waarsku wat die gevaar loop om hulle lewe te benadeel deur hul (oormatige) gebruik van genotmiddele.

Maar wat moet ons reaksie wees as ‘n medegelowige meen dat ‘n Christen glad nie alkoholiese drank behoort te gebruik of behoort te rook nie? Moet ek dan, ter wille van die broer of suster se mening, waarmee ek nie saamstem nie, tog nie drink of rook nie? Is dit wat die Bybel van my vra? Ek meen dat dit inderdaad die geval is, op grond van 1 Kor. 10:23-33, waar Paulus praat oor die eet van afgodsoffervleis. Ter wille van die broer of suster sal ek nie, in hulle aanwesigheid, drink of rook nie. Ek meen egter dat, as hulle nie daarby teenwoordig is nie, ek my eie verantwoordelikheid kan nakom.

‘n Christen moet dus steeds met mate en in verantwoordelikheid voedsel en drank gebruik. Ons kan gerus, in lyn met Prediker, by geselligie maaltye ‘n glas wyn geniet, of by ‘n braai ‘n blikkie bier drink, of op ‘n feesaand ‘n glasie sterker drank. ‘n Glas wyn kan die gehalte en genieting van die maaltyd verhoog. Ons hoef ook geen kunsmatige onderskeid te maak tussen die drink van alkoholiese drank op ‘n verjaardagaand en op ‘n afsluitingsaand van die Bybelkring, of tussen ‘n vakansiebraai en ‘n kerklike braai, nie. Dit lyk te veel na ‘n skeiding van “natuur en genade”. Die kriterium sal wees of van die deelnemers of die bure aanstoot daaraan neem of nie, of dit nou op teregte gronde is al dan nie, en of ons God daardie aand nog met ‘n helder verstand vir sy goeie gawes kan dank.

Elkeen van ons weet goed waar die grense lê van die veilige bestuur van ‘n motor of van luidrugtigheid. As ons hierdie grense oorskry, sal ons ons eie lewe en dié van ander in gevaar stel. Laat ons daarom op ‘n veilige afstand van hierdie grense bly. God het in die skepping mooi en goeie gawes gegee, waarvan ons in hierdie “jammerdal” kan geniet. Laat ons dit altyd doen tot sy eer en met verantwoordelikheid.

DIE BOELIE ….. EN DIE SLAGOFFERS

Heleen Snijder

OPVOEDING EN ONDERWYS

"Johan vat altyd so 'n simpel skooltas skool toe. Hy begin huil as ons dit afvat. Daarom doen ons dit juis. Ek voel partymaal jammer vir hom, maar dan moet hy maar nie so gou in trane uitbars nie!"

Uit ondersoeke blyk dat 8% laerskoolkinders en 2% hoërskoolkinders geterroriseer word. Nou kan ons dit afmaak as 'n feit wat ons maar net moet aanvaar. Tog is so 'n houding nie reg nie.

Ons is kinders van God. Dit impliseer 'n bepaalde gedrag. Ons gedra ons soos Christene, omdat ons besef dat God ons van die sonde en ewige oordeel verlos het. Ons het God lief en wil daarom net dit doen waarvan God hou. Ons moet hierdie gedrag ook vir ons kinders leer. Dan sal ons nie aanvaar dat ons kinders ander kinders terroriseer (boelie, terg) nie. God hou nie daarvan nie, dit gaan selfs teen sy gebooie in. Die sesde gebod sê: "Jy mag nie doodslaan nie." Om iemand te terg of te boelie is beslis 'n sonde teen die sesde gebod. Dan moet ons wel weet wat terrorisering beteken. Dit is nie 'n probleem waarvoor daar 'n kitsoplossing bestaan nie. Ek sal probeer om te verduidelik wat "terrorisering" inhou en hoe ons kan help.

Gekskeer en terg of terroriseer kan met mekaar verwar word. Tog is daar 'n groot verskil. By gekskeer gaan dit oor 'n insident, bv. iemand wat 'n ander flous. Die magsverhouding tussen die kinders is in hierdie geval gelyk. By pla is dit anders. Dieselfde kind word aanhoudend geskel of geïgnoreer. Die kind kan homself nie verdedig nie. Daar is 'n ongelyke magsverhouding. Die kind is bang vir dié wat hom terg.

Kinders begin pla oor verskillende redes. Hulle wil dalk ander kinders beïndruk, of weet nie hoe om op 'n positiewe manier kontak te maak nie, of is self onseker en wil dit nie wys nie. Die plaery begin as 'n speletjie. Die getergde kind voel ongemaklik onder die geboelie. Hy kry dit nie reg om van sy kant ook 'n grappie te maak nie. Hy reageer angstig en begin soms huil. Die boelie ervaar 'n magsgevoel. Hy word dikwels ook deur sy omstanders bewonder. Sy posisie in die groep word versterk. Dit smaak na meer! Dit word 'n gewoonte om daardie kind te terg.

Die boelie besef dikwels nie watter skade hy sy slagoffer aandoen nie. Die boelie ervaar dit as 'n grappie, terwyl die slagoffer bang is vir die pouse of nie sommer alleen in die straat wil loop nie! Die omstanders speel ook 'n rol. Omdat hulle nie die slagoffer help of die terggees stop nie, hou die plaery net aan. Dikwels versterk hulle die sukses van die terroris deur op 'n afstand toe te kyk en te lag oor wat gebeur.

Om 'n einde aan plaery te maak is nie maklik nie. Om dit net te verbied, help nie, want dan gebeur dit net op 'n ander manier en op 'n ander plek. Maar kinders moet leer om met mekaar om te gaan sonder om die ander seer te maak. Hulle moet leer wat naasteliefde is. Ons moet ons kinders leer hoe God wil hê dat ons met ons naaste omgaan. As ouers moet ons dit met woord en daad wys deur 'n goeie voorbeeld te gee.

By tergery is daar drie partye: die boelie, die omstanders en die kind wat geterg word.

1. Die boelie

Hierdie kinders is oor die algemeen die sterk kinders in die groep. Hulle gedrag is aggressiewer en hulle reageer ook gewelddadiger as ander kinders. Hoewel dit lyk of hulle gewild is in die groep, is dit nie waar nie. Hulle dwing ontsag af deur te wys hoe sterk hulle is en hoeveel waagmoed hulle besit. Dit kan die maklikste gedoen word deur iemand te terg. So dwing hulle respek by ander kinders af. Die boelie leer dat terg die enigste manier is om jouself in 'n groep te handhaaf. Hulle sal ook, as hulle ouer is, dikwels sukkel om vriende te maak en te hou. Daarom moet die boelie gehelp word.

Die boelie sal nie tuis vertel dat hy terg nie. Dikwels besef hy nie hoekom hy so maak nie, en wat die gevolge van sy tergery is nie. Hy wil ook nie sy magsposisie verloor nie.

Hoe weet u of u kind ‘n terggees is? Die volgende punte kan gevaarligte wees: impulsiewe gedrag, wil die middelpunt van ‘n groep wees, ‘n seun wat oor almal wil baasspeel, ‘n meisie wat populêr wil wees. As u agterkom dat u kind ‘n terggees is, is u eerste reaksie waarskynlik ongeloof, skok of ontkenning.

As u hierdie skok verwerk het, kan u soos volg reageer:

- Moenie ontken dat u kind ‘n boelie is nie. Hy gedra hom by die huis dikwels anders as by die skool.
- Moenie die skuld by die slagoffer gaan soek nie, bv. “Sy gedra haar so snaaks” of “Hy het so ‘n simpel skooltas”.
- Praat met u kind oor die plaery. U kind sal waarskynlik sy eie gedrag goedpraat.
- Wys hom daarop hoe God wil hê dat ons met ons naaste moet omgaan.
- Praat met u kind oor die gevolge. Die slagoffer ervaar hartseer en pyn, ontwikkel faalangs. Die boelie besef dit nie.
- Wys u kind daarop dat u die probleem ernstig opneem, en dat ‘n Christen beslis nie mag boelie nie.
- Praat met die skool oor die probleem. Lig u kind hieroor in.
- Dit sal vir die boelie nie maklik wees om ‘n ander houding aan te leer nie. Lei sy aandag af deur ‘n groepsaktiwiteit, bv. sport.
- Hoe gaan u tuis met mekaar om? As die atmosfeer tuis bakleierig en aggressief is, sal die kind aggressiewe gedrag aanleer.
- Moenie in die gesin afbrekend oor ander mense praat nie. Dan gee u die verkeerde voorbeeld.
- Leer u kind dat almal na die beeld van God geskape is.

2. Die omstanders

Die meeste kinders is nie direk betrokke by die tergery nie. Hulle kyk toe en so nou en dan neem hulle deel. Dikwels is hulle bang om self ‘n slagoffer te word. Jy kan maar liewer saamdoen en maats met die boelie bly. Omdat hulle dit in groepsverband doen, voel hulle nie persoonlik verantwoordelik nie. Hoewel hierdie kinders nie ‘n aktiewe rol speel nie, is hulle wel net so verantwoordelik vir die voortduur van die tergery. Die terggees voel sterk omdat die omstanders met sy gedrag instem. As die omstanders kant kies vir die slagoffer, sal die boelie vanself sy magsposisie verloor.

‘n Omstander swyg dikwels oor plaery, terwyl hulle eintlik skuldig voel oor die situasie. Indien ons kind ‘n omstander is, moet ons hulle wys hoe verkeerd hulle gedrag is. Hulle gedrag is teen God se wil. Die volgende maniere kan toegepas word om die slagoffer te help:

- Groet die slagoffer as jy hom sien.
- Wees vriendelik en gesels met hom.
- Neem hom op in jou vriendegroep.
- Wys vir die ander kinders dat jy met hom wil omgaan.
- Moenie lag as die kind geterg word nie.
- Moet nooit saamdoen met tergery nie.
- Vertel vir die onderwyser wat gebeur.

Ouers van omstanders kan ook ‘n positiewe rol speel, deur met die ouers van die boelie en met die skool te praat. Vir hulle is dit makliker as vir die ouers van die slagoffer, want hulle is baie emosioneel betrokke. Ouers van omstanders kan afstand neem en is daarom beter in staat om ‘n standpunt teen die plaery in te neem. Dit is vir hulle eie kinders ook belangrik. Die omgewing waar ‘n tergery plaasvind, is vir geen kind veilig nie. Die omstander ervaar die tergery ook negatief.

3. Die slagoffer

Sommige kinders het ‘n groter kans om geboelie te word as ander. Hulle gedrag, of die manier waarop hulle hul gevoelens uit, gee dikwels aanleiding daartoe. Kinders word geboelie as ‘n boelie die kans daarvoor kry. Die boelie slaan toe as die situasie vir die slagoffer onveilig is. Die meeste slagoffers is anders as die groep, bv. hy sal perdry terwyl die res sokker speel, of goed wees in wiskunde terwyl die res sukkel. Die terggees sal wel altyd ‘n rede vind om sy slagoffer te terg. Kinders wat gepla word, ondervind moeite om hulleself te verdedig. Hulle voel magteloos, is dikwels angstig en onseker. Hulle durf niks te sê nie. Hulle is bang dat hulle uitgelag word. Die angs en onsekerheid word deur die tergery versterk. Hulle voel dikwels eensaam en het geen maats nie.

Dit is vir die kind verskriklik om geterg te word, maar hulle sal dit nie by die huis vertel nie. Ouers wil graag hê dat hulle kinders deel is van ‘n groep. Om hulle ouers nie teleur te stel nie, swyg hulle oor hulle ervaring. Hulle is ook bang dat dit die probleem net nog groter gaan maak. Sê nou pa en ma gaan praat met Pietie se ouers! Dan gaan hulle hom juis nog meer terg.

Hoe weet ons dat ons kind ‘n slagoffer is? Die volgende kan aanduidings wees dat u kind ‘n slagoffer is:

- Wil nie skool toe gaan nie.
- Praat nie oor skool nie.
- Speel nooit met ander kinders oor en weer nie.
- Skoolprestasie versleg.
- Sy goed raak weg of stukkend.
- Kla oor kop- of maagseer.
- Blou kolle op ongewone plekke.
- Slegte slaapgewoontes, nagmerries.
- Wil nie sy verjaarsdag met maats vier nie.
- Durf nie alleen winkels toe te gaan nie.
- By die huis is hy prikkelbaar, kwaad of hartseer.

Probeer agterkom wat aangaan. Praat met ander ouers of met die onderwyser. ‘n Kind wat geterroriseer word, moet gehelp word. Ons kan dit op die volgende manier doen:

- Maak u kind weerbaar. Kinders moet op ‘n jong leeftyd al leer om standpunt in te neem.
- Leer u kind om hulp te vra, neem hulle probleme ernstig op. Ondersteun hulle en toon begrip.
- Wys dat jou kind vir jou belangrik is.
- Sorg vir goeie kontak met die skool.
- Moet nooit sê dat hulle kinderagtig is nie, dit maak hulle net meer onseker.
- Gee u kind selfvertroue, gee hom komplimente.
- Leer jou kind dat sy liggaamshouding ‘n boodskap oordra. ‘n Regop houding straal selfversekerdheid uit. So iemand word nie so gou geterg nie.
- Leer die kind ook om ander kinders in die oë te kyk, sonder om te wys dat hy bang of hartseer is.
- Bespreek die kind se reaksie op tergery met hom. Wat is verkeerd met sy reaksie? Hoe dink die kind self moet hy reageer? Wat moet verander word?

As u met die ouers van die boelie wil praat, doen dit in ‘n rustige omgewing, dus nie in die winkels of langs die sportveld nie. Deel u kommer oor die manier waarop die kinders met mekaar omgaan. Gee dan die ander ouer kans om te reageer. Dit het geen nut om die ander ouer te verwyt dat hy sy kind nie goed opvoed nie. Vra liewer vir steun om die gedrag stop te sit. Bid ook vir mekaar, en laat die kinders ook vir mekaar bid. Deur die krag van die Heilige Gees kan verhoudings weer herstel word.

HOE BREED KYK ONS NOG?

Ds Erik van Alten

ELDERS GELEES

Ons bely in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat “hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot ‘n sekere plek of sekere persone is nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.” Alhoewel ons die eenheid van Christus se wêreldwye kerk dus nie kan oorsien nie, bely ons tog dat hierdie kerk één *is* deur die werk van die Heilige Gees.

Maar wanneer ons sê dat ons dit nie kan *oorsien* nie, beteken dit nog nie dat ons ons oë daarvoor hoef te sluit nie. In ons beperktheid kan ons Christus se wêreldwye kerk miskien nie *oorsien* nie, maar ons kan dit wel *raaksien*! En vandag nog baie meer as twintig of dertig jaar gelede…

Met die tegnologie tot ons beskikking is dit nie so moeilik om te sien dat Christus wêreldwyd sy kerk vergader nie. Neem gerus ‘n slag die tyd en besoek die webwerf van die International Conference of Reformed Churches (www.icrconline.com) om te sien hoeveel en watter kerke lid is van hierdie gereformeerde organisasie. Besoek vervolgens die webwerwe van die verskillende lidkerke, en vergewis uself daarvan dat Christus werklik hier werksaam is.

Maar selfs al sou ons nie hierdie tegnologie tot ons beskikking hê nie, dan nóg kan ons Christus se werk *raaksien* deur eenvoudig onsself op die hoogte te stel en betrokke te wees by die kerklike situasie in ons eie land. Beskik ons nog oor die nodige openheid hiervoor, of word ons deur ons vooropgesette menings oor die kerklike situasie in ons land verhinder om hierdie geloofsdaad te verrig?

Ek laat u nou saamlees uit twee artikels wat verskyn het in die Nederlandse tydskrif *De Reformatie*

van 18 September 1965[1], waarin op ‘n baie praktiese wyse na vore kom wat dit behels om Christus se werk in ons land raak te sien en die eenheid van die geloof te beoefen. Beide artikels is verslae van ‘n vakansiereis wat prof. J Kamphuis in 1965 na Suid-Afrika onderneem het.

Behalwe die oriëntasie in ‘n emigrante-gemeente, was daar ook die oriëntasie in die breër Suid-Afrikaanse kerklike lewe. Ons dink hierby aan twee kerke wat in Suid-Afrika die naam ‘Gereformeerd’ dra, naamlik die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk.

Eersgenoemde kerk is die groot volkskerk, wat etlike miljoene lede tel. Alhoewel hierdie kerk teoreties nie die karakter van volkskerk dra nie, funksioneer sy in die praktyk wel so, terwyl haar kerkstruktuur hiërargies is. Hierdie kerk voer korrespondensie met die Synodaal Gereformeerde Kerken in Nederland en baie lede van laasgenoemde kerk verdwyn in die NG Kerk. Kontak tussen ons en haar bestaan nie… Nietemin kan daar in haar geledere manne gevind word wat ‘n positiewe geluid laat klink. Prof. Kamphuis het met verskeie van hulle gepraat. By ‘n besoek aan die opleidingsinstituut van hierdie kerk in Stellenbosch is met verskeie hoogleraars gepraat, terwyl in Kaapstad met enkele ander leidinggewende figure (soos die redakteur van die NG Kerkbode) kontak gemaak is. As ons hierdie gesprekke kortliks wil opsom, sou ons kon sê dat die situasie waarin die Christendom in die algemeen, maar met name in Nederland … verkeer, bespreek is. Die eenstemmige konklusie was dat die verderf groot is…

Die kontak met die Gereformeerde Kerk *was allereers plaaslik, by die Bybelkring van hierdie kerke in Kaapstad, waar ondergetekende reeds enkele jare lank gereeld spreek, en waar nou ook prof. Kamphuis tweemaal die woord gevoer het in die teenwoordigheid van baie lede van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad. Die eerste keer het hy oor die ou en nuwe verbond gepraat, en die tweede keer oor Johannes 17, waarby vrae aangaande die eenheid van die kerk aan die orde gekom het. Op hierdie punt het die verskil na vore gekom: ekumene óf ekumenisme. Laasgenoemde kom ook in die Gereformeerde Kerk grootliks voor. Daar is ook kontak opgeneem met twee plaaslike predikante, waaruit geblyk het dat daar baie ooreenstemming is in die waardering van die kerklike situasie.*

Op die terugreis van prof. Kamphuis na Transvaal is die ‘Dopperhemel’, Potchefstroom, besoek, waar die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk gesetel is. ‘n Besoek was gereël met een van die hoogleraars, prof. dr. SJ van der Walt… Van hierdie besoek het laasgenoemde openlik verklaar: ek het hier weer die ou tipe gereformeerde mense ontmoet met wie ek my volledig verwant voel.
Ook was daar vanselfsprekend kontak met die ander hoogleraars… Op ‘n vergadering van die Gereformeerde Teologiese Vereniging, waar hierdie professore en verskillende predikante aanwesig was, is deur prof. Van der Walt ‘n referaat gelewer oor die nuwe presbiteriaanse belydenis, wat hy op gereformeerde gronde volledig afgewys het, en waarin hy verbande met afval in die wêreld aangetoon het. Nou weet ons dat hiermee nie alles gesê is nie en dat daar nog baie moet gebeur, maar daarin moet ons mekaar met wysheid benader. Hierdie kerke mag nie saam die draai na links neem nie; die stroom van afval waarin hulle dreig om te kom, moet gestuit word. En ook ons het hierdie kerke nodig. Prof. Kamphuis het dit ook in gesprekke beklemtoon. Dit gaan vandag in die wêreld oor groot dinge en daarin is ons almal betrokke. En dan doen dit ‘n mens goed wanneer jy leer sien dat ons mekaar daarin nodig het. Een van die predikante van die Gereformeerde Kerk in die omgewing van Potchefstroom, waar ons ook een dag vertoef het, het dit só gesê: Ons ontvang deesdae eintlik maar net steun van die vrygemaakte broeders.

‘n Opmerklike reisverslag. ‘n Reisverslag waarin ‘n gesonde ekumeniese strewe na vore kom, sonder om die grense wat die Skrif self aantoon, te oorskry. Die skrywer is geensins blind vir die afval en gebreke wat daar toe reeds in beide genoemde kerkverbande na vore gekom het nie. Maar dit blyk duidelik dat die reisgeselskap hulle nie daardeur laat verhinder het om die roepende stemme in die woestyn op te soek nie.
En nie net die reisgeselskap het hierdie ekumeniese roeping uitgevoer nie; dit was dus nie slegs ‘n saak van die predikante en teoloë nie. Die verslag wys vir ons dat ook ‘baie lede van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad’ ‘n gesamentlike Bybelstudie met die Gereformeerde Kerk van Kaapstad bygewoon het – waarskynlik selfs meerdere kere. Ons sien hier ‘n strewe van gelowiges om ander gelowiges op te soek en te leer ken, ‘n strewe om aan die eenheid van Christus se kerk vorm te gee.

Prof. Kamphuis skryf in sy eie verslag oor hierdie vakansiereis onder andere die volgende:
Gisteraand was die finale afskeid van Suid-Afrika op ‘n gemeentevergadering van die Vrye Gereformeerde Kerk van Pretoria, waar ook verskeie persone uit die Gereformeerde en die Nederduits-Gereformeerde Kerk aanwesig was. Ek dink aan dr. Spoelstra van Pretoria, prof. Floor van Hammanskraal, dr. Richard, die aangewese klassikus van Bloemfontein. Dit was ‘n afskeid in die styl van die hele vakansie, wat my op ‘n onver-

[1] Lidmate uit die gemeente het hierdie artikels onder my aandag gebring.

wagse wyse in kontak gebring het met die kerklike en teologiese lewe in die Republiek van Suid-Afrika. Ons was met vakansie, en vakansie beteken vry-wees. Wel, ons het onsself vry gevoel in hierdie vrye land, en ons het in vryheid geniet van die prag… Maar tegelykertyd het die Suid-Afrikaanse gasvryheid die deure geopen, sodat ongedwonge en baie intensiewe kontakte gelê is en oriëntasie aan ons verskaf is… Ons het met verbasing en vreugde ontdek dat die gelowiges daar meer is as wat ons gedink het…

Leef daar by ons nog hierdie ontdekkende verlange? Die verlange om te ontdek dat daar meer gelowiges in ons land is as waarvan ons weet; die verlange om te ontdek dat Christus se werk groter en breër is as wat ons kan sien. Sonder om vir een oomblik afbreuk te doen aan die feit dat die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika werklik kerke van Jesus Christus is (moenie hierdie belydenis opgee solank as wat die waarheid hier verkondig word nie!), behoort die deure van ons kerke oop te staan vir ander gelowiges om in te kom en ons te kom ontmoet, en vir ons om uit te gaan en ander gelowiges te gaan ontmoet. En hulle is daar – die roepende stemme in die woestyn van die soms haglike kerklike omstandighede in ons land.

Ek wil nie ontken dat die situasie sedert 1965 beduidend verander het nie. In die Nederduits-Gereformeerde Kerk het die verval verder en verder gegaan – soos duidelik blyk uit die onlangse gesprekke oor die plek van homoseksuele lidmate in die kerk. In die Gereformeerde Kerke is daar ook duidelike tekens van verval – meer as in 1965. Maar laat ons nie doof word vir die roependes nie. Meer nog: laat ons nie doof raak nie vir die stem van die goeie Herder wat al sy skape lei, sodat dit kan wees een kudde, een herder (Joh. 10:16).

GEREFORMEERD OF EVANGELIES / CHARISMATIES (2)?

Prof Hans Boon

BOEKBESPREKING

Hoe beleef ek my geloof? Is my persoonlike ervaring en gevoel deel van my diens aan God? Of is my diens aan God slegs iets wat ek met my verstand doen? Wat is my standpunt: die Bybelse standpunt of dié van die evangelicals en die charismatiese bewegings? Op hierdie vrae gee ‘n onlangse boekie van dr HJCCJ Wilschut vanuit die Bybel antwoorde (sien verwysing onderaan).

In ’n vorige artikel het ek ’n oorsig gegee van ’n aantal belangrike punte van verskil. In hierdie tweede artikel gee ek graag ’n oorsig van die verskille met betrekking tot die werking van die Heilige Gees.

Die werk van die Heilige Gees

As ons wil verstaan wat die verskil tussen gereformeerdes en evangelicals ten opsigte van die Gees is, dan is dit goed dat ons eers volgens die Bybel weet wat Hy doen. Die Heilige Gees is self God saam met die Vader en die Seun. God woon by ons, want die Heilige Gees woon in ons. Ons is tempels van die Gees van God. Die Gees staan bo ons, dit wil sê, maak nie dinge in ons hart los sodat ons kan getuig dat die Gees deur ons as mense werk nie. Die Gees werk saam met die Woord van God. Die tyd van nuwe visioene en openbarings is verby. Hy doen nie hier op aarde en in ons harte ander dinge as wat die Vader en die Seun gedoen het in sy Woord nie. Die Gees funksioneer nie onafhanklik van die Vader en die Seun hier op aarde nie. Maarten Luther het ’n keer teenoor die geesdrywers wat sê dat die Gees deur hulle werk, gesê: “Hulle roep net: die Gees, die Gees, die Gees! Ek sê: die Woord, die Woord, die Woord !”

Die Bybel omskryf die werk van die Heilige Gees met verskillende woorde: Hy vernuwe die natuur, laat ons nuutgebore word. Hy troos. Die Gees is die Gees van die lewe. Dit begin in die skepping en die natuur, bv. as die seisoene wissel. In die Ou Testament het die Gees al sy werk gedoen in die uitverkore volk van God. Sedert Pinkster is dit egter intensiewer. Hy woon nou in die harte van mense wat uitverkies en gedoop is en op God se paaie loop.

Die oorvloedige uitstorting van die Heilige Gees is oor alle volke en rasse van die aarde. Die gawe van die Heilige Gees is vir elke Christen wat gedoop is. Dit is nie iets meer of iets ekstras vir dié wat ver gevorder het in die geloof nie. Geen “second blessing” dus.

Die besondere gawes van die Heilige Gees

Die besondere gawes van die Heilige Gees is deesdae ‘n groot onderwerp van bespreking. Die charismatiese bewegings (afgelei van charismata = gawes van die Heilige Gees) glo dat mense vandag nog profeteer en besondere kragte het soos om mense gesond te maak. Die besondere gawes van die Heilige Gees was wel daar in die begin van die kerk na Pinster. Maar die vraag is of dit vandag nog so is. Kan ons in die Bybel antwoorde hiervoor kry?

Markus 16:14-20: Christus beveel sy dissipels om die evangelie oor die hele aarde bekend te maak. Om te preek en om te doop. Jesus beloof aan die dissipels dat hulle die volgende tekens sal doen: uitdrywing van duiwels, praat in onbekende tale, sonder gevaar slange optel en gif drink, siekes genees deur handoplegging.
Die gawes word nie ontvang as gevolg van die geloof van die dissipels nie. Dit gaan om die uitdra van die evangelie. Die tekens moet die uitdra van die evangelie ondersteun.

Handelinge 2: die Heilige Gees word oorvloedig uitgestort op die Pinksterdag. Dit is vir die Jode ‘n teken dat die evangelie van nou af gebring word aan alle mense. Uit Petrus se preek blyk dat die profesie uit die Ou Testament vervul word: die Gees kom op alle vlees. Die Heilige Gees word op die “eerste” gemeente van die Nuwe Testament uitgestort: bekeer julle en laat julle doop en julle sal die Heilige Gees ontvang. In die Ou Testament is sommige mense met die Heilige Gees vervul. In die Nuwe Testament is dit vir almal, elke kind van die Here. Almal kry by hulle doop die gawe van die Heilige Gees. Elk van die 3000 mense wat op dié dag gedoop is, kan nie nou ewe skielik in allerhande tale praat en besondere gawes ontvang nie.

Samevattend kan ons die gawes van die Heilige Gees vir vandag soos volg sien:

- Die vrugte van die Heilige Gees is vir almal in die kerk bedoel (liefde, vrede, ens.).
- In die diskussie met die evangelicals oor die besondere gawes van die Heilige Gees kan dit nie as die belangrikste bo die Woord beskou word nie.
- Die besondere gawes van die Heilige Gees is bedoel as tekens, naamlik dat die evangelie vir die Jood en die nie-Jood bedoel is, asook vir die bouwerk van die “eerste“ gemeente.
- Die besondere gawes het ‘n unieke plek in die heilsgeskiedenis. Kan mense vandag nog in allerhande tale praat? As die Here dit so wil, dan is dit ja. As die Here dit nie so wil hê nie, dan is dit nee! Markus 16:20 is vir ons rigtinggewend: die Heilige Gees se besondere gawes bevorder die verspreiding van die evangelie.
- Die Bybel is die volmaakte afgeronde geheel van die Woord van God. Is die gawe om te profeteer nou totaal verby? Nie noodwendig nie. Dit is met die besondere gawes om te profeteer nie so dat dit as direkte boodskappe van God ingegee word nie.
- Die besondere gawes van die Heilige Gees moet binne die grense van art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gesien word: die Heilige Gees is die Gees van die Woord.
- As ‘n mens die literatuur oor die evangelicals raadpleeg, dan gaan dit oor die oorwinning, krag, oordadigheid van mense. Die Bybel leer ons om gehoorsaam te wees aan die roeping van God. Daarop moet ons antwoord met wat ons doen met ons lewe. In swakheid word die krag van die Here volbring. Elkeen wat groei in die geloof, word kleiner en Christus meer!

Geloof en gevoel?

Gevoel en ervaring: wat is die plek daarvan in ons geloofslewe? Dit is ‘n baie aktuele tema. Ons dink dikwels ons geloof het net met ons verstand iets te doen.
Gereformeerdes self voel ‘n gemis aan die emosionele in die diens aan die Here. Baie gelowiges beskuldig gerefomeerdes daarvan. Om dié rede het die evangelicals ‘n baie groot aantrekkingskrag vir gereformeerdes. Tog MOET gevoel en belewing van God se genade ‘n plek hê in die gereformeerde geloof. Die Heidelbergse Kategismus praat in antwoord 21 van die HELE mens. Geloof werk ook met die gevoel as ons die band met God belewe. Ons is bly en ervaar innerlike rus as ons naby God lewe. Dit is ons verlange. Dit is tog gevoelvolle woorde en belewings. Daar is gevoelens van blydskap, maar daar is ook gevoelens van verdriet en verslaentheid. Daar is ook negatiewe gevoelens: opstandigheid en boosheid.

Maar ons moet versigtig wees. Dit kan so maklik gebeur: eers ervaar en voel en dan daarna glo. Dink aan Thomas. Die volgorde moet anders wees: wat is ‘n ware geloof? ‘n Ware kennis en wete en ons gevoel in ons hart. Om te glo is om sekerheid te hê. Dit sluit egter nie stryd en twyfel uit nie. Dit is baie erg as jou gevoel die deurslag moet gee. Die regte gevoel en ervaring is dus nie ‘n voorwaarde vir geloof nie. Dit is die gevolg daarvan. Want God is ‘n God wat leef!

Wilschut, HJCCJ. ***Aan de belofte genoeg?! Gereformeerd tegenover evangelisch/charismatisch***. Woord en Wereld, 2007.

Boekenuus

FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- **D'Assonville, V E: Die Boek Openbaring**
  "Hierdie is die tweede uitgawe van *Die boek Openbaring.* Die eerste uitgawe was in 1998, as 'n reeks preke, met die sonsondergang van die 20ste eeu. Vandag, byna 'n dekade verder, in die beginjare van die 21ste eeu, het in die geskiedenis van die mensdom alweer baie dinge gebeur. Christus se wederkoms en die oordeelsdag het nog nader gekom. Die tekens van sy koms en die voleinding van die wêreld (Matt 25:3) word duidelik gesien. Die 'oorloë en gerugte van oorloë' is aan die orde van die dag. 'Aardbewings', die ramp van 11 September 2001 in New York, tsoenami's, 'n Bali-bom, 'n New Orleans-vloed en 'n konflik in die Midde-Ooste skud die wêreld. Die 'valse profete' is hoogs aktief in die kerk. Die boek Openbaring en die res van die Bybel vertel ons van al hierdie dinge".
  Wat in hierdie boek aangebied word, is nie 'n vers-vir-vers verklaring nie. Dit probeer eerder om 'n insig en 'n oorsig op 'n maklik verstaanbare manier vir ons kerkmense vandag te gee.
  "Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte van die stad" (Openbaring 22:14).
  (222 bladsye – R90)

- **Vergeer, W C: Konkordansie van die belydenisskrifte met 'n teksregister.**
  Die gedagte aan 'n konkordansie by die belydenisskrifte in Afrikaans is in 1995 uit verskeie behoeftes gebore. Onder andere uit die behoefte van lidmate in die algemeen en belydeniskatkisante en kerkraadslede in die besonder, om by wyse van 'n vinnige naslaanwerk die Gereformeerde belydenis toeganklik te hê. Ook uit die behoefte om in die kategismusprediking 'n breër verwysingsraamwerk as net die Heidelbergse Kategismus te kan gebruik. Die boek het verskyn as 'n supplement van die tydskrif In die Skriflig.
  (201 bladsye – R 65)

- **Wilschut, H J C C J: Aan de belofte genoeg?!**
  Hierdie boek het as subtitel *Gereformeerd tegenover evangelisch / charismatisch.* Nommer 72 in die Woord & Wereld reeks. Vir 'n volledige bespreking van hierdie boek sien asseblief Kompas, Jrg 16/6, Junie 2006.
  (76 bladsye – R 83)

- **Schipper, Roland: Hemel en hel**
  'n Nuwe uitgawe (2006) in die reeks *Bijbelstudie compact*.
  Watter voorstelling het ons van die nuwe hemel en aarde? Wat weet ons van die hel? Is dit wel nodig dat ons nog rekening met die bestaan van die hel hou? Staan dit nie in teenstelling tot die evangelie van genade? Die Here self praat indringend oor die hel. Dit is baie belangrik om te weet wat die Bybel hieroor leer. Verder gee die skrywer aandag aan die toekoms wat God aan sy volk beloof – die ewige lewe op die nuwe aarde!
  (56 bladsye – R98)

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

KORRUPSIE

Jan de Mooij

SAMELEWING

Korrupsie, of *die misbruik van amptelike mag tot persoonlike voordeel*, is vir die meeste inwoners van derde wêreld-lande 'n alledaagse verskynsel. In Suid-Afrika wissel die persepsies oor korrupsie, wat op hoë vlak blyk voor te kom, van totale ontkenning tot wyd gepubliseerde aantygings. Ons lees in die pers van regeringsamptenare of ministers wat die huidige toestand van misdaad, korrupsie en gebrek aan dienslewering in Suid-Afrika toeskryf aan apartheid of selfs tot 'n groot mate ontken. Maar ook in regeringskringe is daar 'n kentering: die minister van Onderwys, me. Naledi Pandor, het pas in 'n toespraak die punt gemaak dat apartheid nie meer die gebrek aan dienslewering en oneerlike arbeidspraktyke, wat tans op groot skaal voorkom, kan verklaar nie, en sy verwys selfs na grootskaalse voorkoms van 'kriminele praktyke' by sommige regeringsinstellings [1].



Hoe dit ook al sy, dit bly 'n moeilik meetbare verskynsel: hoewel ons dikwels van korrupsie hoor, is dit tog nie iets waarmee ons werklik daagliks te doen kry nie. Verder word die verweer soms genoem dat die persepsies oor korrupsie aangevuur word deur 'n vrye pers wat gefikseer is op sekere politiek-sensitiewe onderwerpe. Grootskaalse korrupsie, so word beweer, het ook voor 1994 in Suid-Afrika voorgekom, met verwysing na 'n verslag[2] wat verlede jaar verskyn het.

In 'n ander, onafhanklike verslag[3] wat in Januarie 2007 die lig gesien het, word korrupsie in Suid-Afrika ontleed aan die hand van 'n aantal internasionaal aanvaarde riglyne en word daar vergelykings met 43 ander wêreldlande getref. Met die eerste oogopslag kom Suid-Afrika goed daarvan af ('n puntetoekenning van 81% en vierde op die lys van lande wat publieke integriteit nastreef, saam met die VSA) – maar jammer genoeg is die spektrum waarmee vergelyk word, beperk tot grotendeels derde wêreld-lande.

Watter etiek heers daar in Suid-Afrika en watter integriteit het die gemiddelde landsburger in sy interaksies met die owerheid? Hennie van Vuuren maak in sy navorsing[4] onderskeid tussen *groot* korrupsie (soos die wapentransaksies en adjunk-president Zuma se betrokkenheid daarby) en *klein* korrupsie, ofte wel dit waaraan ons as landsburgers blootgestel is. Volgens die ISS se *Nasionale Slagoffers van Misdaad-opname* van 2003 is klein korrupsie die tweede mees voorkomende misdaad in die land, ná huisbraak. Daarby is dit rede tot kommer dat baie landsburgers nie weet hoe om korrupsie te rapporteer nie en buitendien glo dat, sou hulle dit rapporteer, dit nie veel verskil sal maak nie – en buitendien die gevolge van so 'n aksie vrees. Baie voorvalle van korrupsie word om hierdie rede nie gerapporteer nie (en gevolglik nie in ag geneem by navorsing nie). Boonop is dit moontlik dat daar reeds 'n persepsie posgevat het dat dit as normaal geag word dat 'n soort 'transaksiefooi' gehef word om 'n diens te verseker. Ook die vra vir 'n 'guns' of 'pre-

Global Integrity Index 2006

VERY STRONG RATING (90+)	None in this sample.	
STRONG RATING (80+)	Israel	83
	Romania	86
	South Africa	81
	United States	87
MODERATE RATING (70+)	Argentina	79
	Benin	79
	Brazil	73
	Bulgaria	80
	Ethiopia	77
	Georgia	78
	Ghana	78
	India	75
	Kenya	71
	Nigeria	75
	Philippines	73
	Uganda	76
WEAK RATING (60+)	Guatemala	64
	Indonesia	68
	Kyrgyz Republic	64
	Mexico	65
	Mozambique	60
	Nicaragua	62
	Pakistan	69
	Russia	63
	Senegal	65
	Serbia	64
	Zimbabwe	64
VERY WEAK RATING (<60)	Armenia	54
	Azerbaijan	60
	D. R. Congo	44
	Egypt	57
	Lebanon	51
	Liberia	57
	Montenegro	58
	Nepal	50
	Sierra Leone	56
	Sudan	59
	Tajikistan	50
	Tanzania	59
	Vietnam	47
	Yemen	49

Note: Ratings are calculated before rounding. A score of 79.6 will appear as 80, but be rated as Moderate.

sent', byvoorbeeld die koop van 'n koeldrank of kos, in ruil vir vinniger dienslewering word meer dikwels deur sommige lede van die publiek as normale praktyk ervaar. Dit is des te meer ontstellend om daarom van die volgende statistieke kennis te neem, omdat dit die afbreek van die etiek in die samelewing blootstel.

Op die vraag: "*Is daar aan u, gedurende die afgelope jaar, deur 'n regeringsamptenaar aangedui dat hy/sy oop sou staan vir geld, 'n guns of 'n present in ruil vir 'n diens wat hulle amptelik aan u verskuldig was?"* antwoord 5.7% van die respondente positief. Dit in vergelyking met die syfers vir huisbraak (7.5%), diefstal (4.7%), roof (2%), aanranding (2.2%) en motordiefstal (1%) waaraan dieselfde respondente oor dieselfde tydperk blootgestel was. Die gevolgtrekking wat op grond hiervan gemaak word (naamlik dat korrupsie die tweede mees voorkomende misdryf in Suid-Afrika is naas huisbraak) is ver van ons gevoel van realiteit verwyder. Ons lees en hoor baie meer van diefstal, roof en moord as wat ons met korrupsie gekonfronteer word. Die rede hiervoor is moontlik omdat dit nie (meer) as 'n ernstige misdryf gesien word nie en dit 'n soort alledaagse karakter gekry het.

Wanneer korrupsie vir die verskillende sektore ontleed word (sien figuur 2), word dit duidelik dat die meeste voorvalle voorkom by ontmoetings met verkeersbeamptes, gevolg deur die polisie en daarna by amptenare in verband met werksgeleenthede. In die betrokke jaar antwoord 29% van respondente dat verkeersbeamptes aan hulle gevra het om 'n omkoopbedrag te betaal. Daarnaas beweer 19% dat dit in ontmoetings met die polisie voorgekom het en daarnaas 13% by pensioen- en welsynsbeamptes. Dit ondersteun die persepsie dat korrupsie 'n probleem is in die plaaslike regering, veral by amptenare aan wie 'n groot mate van diskresionêre mag toegeken is, soos verkeers- en munisipale polisiebeamptes. Pensioenbetalings, wat vir baie arm gesinne die grootste of selfs enigste bron van inkomste is, is op groot skaal aan korrupsie onderhewig – in so 'n mate dat die minister van Sosiale Ontwikkeling (me. Zola Skweyiya) erken het[5] dat daar tussen 1994 en 2004 'n bedrag van R15 biljoen van staatspensioen en -welsynsfondse 'verlore' geraak het in een of ander vorm van korrupsie. Die feit dat die polisie (volgens hierdie studie) gereeld korrupte eise aan die publiek stel, is veral ontstellend in die lig van hulle verantwoordelikheid om juis wet en orde te handhaaf. As baie van ons wetstoepassers korrupsie nie meer as 'n ernstige misdryf beskou nie, watter beskerming het die gemeenskap dan nog teen hierdie onreg en word dit nog as onreg ervaar?



Figure 2: Percentage of all those who were asked to pay a bribe in the past year, by department or sector

Source: ISS National Victims of Crime Survey, 2003

Uit die verdere resultaat van die studie blyk in hoeverre die korrupsie al 'n deel van ons daaglikse lewenstyl geword het: 100% van die respondente wat gevra is om 'n omkoopbedrag te betaal by 'n verkeersoortreding, het inderdaad die bedrag betaal om vervolging te vermy. Dit dui op die feit dat die samelewing die betaling van omkoopgeld steeds meer begin sien as 'n onskuldige praktyk en deel van die daaglikse lewe. Ook op ander gebiede is die slagoffers dikwels bereid om toe te gee aan die druk om 'n omkoopbedrag te betaal: 65% wanneer dit deur doeanebeamptes geëis word en 56% by aansoeke vir bestuurderslisensies.

Slegs 2% van alle respondente het ooit die korrupte bedrywighede van 'n amptenaar probeer rapporteer. Die res het as verweer aangedui dat hulle nie enigiets daardeur sou verander het nie, en dikwels ook nie geweet het waar om dit te rapporteer nie. Boonop is die vrees vir wraak as 'n rede vir hul stilswye dikwels genoem. Wanneer die publiek hul vertroue verloor in die regspleging en in die feit dat hul eerlikheid beloon sal word met geregtigheid, word die deur oopgemaak vir volgehoue korrupsie van amptenare.

Wat doen 'n Christelike landsburger as hy voor die verleiding te staan kom om self voordeel te trek deur 'n korrupte transaksie aan te gaan? Betaal ons die 'vinnige afkoopboete' aan die verkeersbeampte, omdat ons daarmee honderde rande bespaar? Hoeveel is die 'versnelde prosedure' vir daardie geboortesertifikaat vir u werd? Of gebruik ons hierdie verleidings om te kan getuig van die waarheid wat in ons is (2 Petr. 1:12)?

Watter geleenthede het ons nie, in ‘n samelewing waar die reg verdraai word en korrupsie seëvier, om te getuig van ‘n God wat geregtigheid liefhet en die leuen haat! ‘n Kind van God sal dikwels die prys moet betaal om die regte keuses maak: finansieel en andersins is dit veel makliker om in te gee en die korrupsie as iets onafwendbaars af te maak. Maar die deler ís so goed soos die steler.

Hoewel ons tereg onsteld is oor die *groot* korrupsie waarvan regeringsamptenare op hoë vlak beskuldig word, behoort dit ons des te meer op te roep om in die alledaagse dinge ons Christenskap uit te leef. ‘n Etiese samelewing begin by die huis en ons Christelike getuienis kom juis na vore wanneer ons die ware, Christelike integriteit voorleef in ons interaksies met die owerheid.

Bronne :

1. http://www.news24.com/News24/South_Africa/Politics/0,,2-7-12_2120847,00.html
2. Apartheid Grand Corruption - Assessing the scale of crimes of profit from 1976 to 1994 – (May 2006, Institute for Security Studies)
3. 2006 Global Integrity Report - on South Africa (http://www.globalintegrity.org/data/2006index.cfm)
4. Small Bribes, Big Challenge: Extent and nature of petty corruption in South Africa, Hennie van Vuuren, Institute for Security Studies - Crime Quarterly No 9, 2004
5. News24.com, 25 February 2004

KOMPAS is die maandblad van ‘n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
  Shammah 26, Theunis Straat, Weltevredenpark 1709 - - - Tel 011 679 1646
- **Rev T Mogale :**
  Mamelodi - - - Tel 012 801-7937
- **Rev MP Magagula :**
  Soshanguve-Noord - - - Tel 012 798-1553
- **Ds P Nel :**
  Du Plooystraat 80, Bethal 2310 - - - Tel 017 647-6693
- **Ds E Viljoen :**
  Mauritiussingel 3, Stellenberg 7550 - - - Tel 021 919-9149
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186 - - - Tel 012 332-3256

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstraat 12, Bellair, Bellville 7530 - - - Tel 021 919-4215
- **Ds CF Nicholson :**
  Patoustr 33, Amanda Glen 7530 - - - Tel 021 975-9994
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186 - - - Tel 012 332-1028
- **Rev J Mhlanga :**
  Soshanguve-Suid - - - Tel 012 791-0983

ONS SENDINGSROEPING (1)

- gelees in Die Kerkblad van Maart 2007

Hans Snijder

GELEES IN KERKBLAD

By die opening van die Teologiese Skool op Potchefstroom het prof. JA van Rooy 'n rede uitgespreek met as onderwerp: "Sendingwerk deur die Gereformeerde Kerke: Hoe en waarheen?" Die rede is ook vir ons van belang, en daarom neem ons dele daarvan oor.

Prof. Van Rooy haal Matthéüs 28 aan en vervolg dan: *Hierdie marsbevel bring vanself 'n derde vraag naas die hoe en waarheen onder ons aandag, naamlik:* ***OF.*** *Is die Gereformeerde Kerke in hulle huidige gestalte hoegenaamd in staat om sendingwerk te doen? Het ons die geestelike reserwes en visie wat dit vir ons moontlik maak om die evangelie na buite uit te dra? 'n Beduidende deel van ons kerke doen òf uiters min aan sending en evangelisasie, òf so goed as niks.*

Waaraan is dit te wyte? Ek meen dat die Sinode van 1988 die vinger op die wonde gelê het met die verklaring dat die gebrek aan belangstelling in en ywer vir sendingwerk in die eerste plek toegeskryf moet word aan ***gebrek aan ware Godskennis****. 'n Kerk wat koud staan teenoor die sendingsroeping kan dit alleen wees omdat hy koud staan teenoor ons Here en Koning. En dit bring sy wese as kerkwees in gedrang.*

Die feit dat ons tans blykbaar veel minder geesdriftig oor en betrokke by sendingwerk is as 30 jaar gelede, hang waarskynlik ook saam met die ***oorlewingsmentaliteit*** *wat die laaste aantal jare by ons posgevat het. Baie van ons kinders het die land verlaat, omdat hulle vir hulle en hulle nageslag geen toekoms meer in Suid-Afrika sien nie. Meer en meer gemeentes sukkel om finansieel te oorleef. Die gevaar is dat ons só behep kan raak met ons eie oorlewing as kerke dat ons die visie op die uitbreiding van Christus se koninkryk verloor. Ons raak dan meer en meer na binne gekeer.*

Hierdie dinge raak ons ook. Prof. Van Rooy beskrywe die mentaliteit op 'n ander manier as *oppervlakkigheid en halfhartigheid van ons geloofslewe, wat openbaar word in die suinigheid waarmee ons vir die Koninkryk bydra en ons onverskilligheid teenoor die uitdra van die evangelie.*

Vervolgens spreek hy die dosente en studente aan. By die dosente kan 'n powere teologie opgemerk word, waar die taak om Geesvervulde bedienaars aan die kerk te lewer, vergeet word. By die studente kan 'n visie ontbreek dat 'n kerk vol moet wees van die Gees en die Woord en diensbaarheid aan die Koning; dat hyself gedryf moet wees deur die liefde van Christus.

As dit nie so is nie, dan pleit ek by u in die Naam van onse Here: Soek vir u 'n ander werk!

U wat werklik deur die Here geroep is en vir die diens van sy Woord toegerus is: u is 'n gawe van onskatbare waarde aan die kerk van die Here, want u is 'n gawe van die verhoogde Christus. Lewe daardie roeping waardig! Dan is daar nog toekoms vir die Gereformeerde Kerke en dan is daar ruimte om te praat oor die res van ons onderwerp: Sending: hoe en waarheen?

Die ernstige oproep vir dosente en studente van die GKSA mag ons nie onverskillig laat nie. Ook die VGKSA kan prof. Van Rooy se opmerkings ter harte neem. Is ons vervul / vol van ons eie roeping om die evangelie uit te dra? Rig ons ons ook nie te veel na binne nie? Na watter soort sake gaan die meeste energie van ons kerke? Is ons prioriteite reg? Ons hoop om later te kan meld dat die reaksie op hierdie oproep gunstig is.

GELOOFSERVARINGS IN AUSTRALIË

(IN REAKSIE OP: "GELOOFSERVARINGS IN ENGELAND')

Johan Bron - Perth, Australië

BRIEWE VAN LESERS



Twee-en-'n-half jaar gelede het ons die kerkraad van Pretoria genader vir 'n attestaat (getuienis) na die Free Reformed Church of West Kelmscott in Wes-Australië, 'n sustergemeente van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die eerste Sondag nadat ons hier aangeland het, is ons name van die kansel afgelees en is ons welkom geheet as lidmate van ons nuwe gemeente. Ons is dus onder opsig en tug van die kerkraad hier geplaas. Wat ook al gou blyk, want na die diens maak ons kennis met verskeie gemeentelede, onder andere ook ons twee wyksouderlinge. Ons word deur almal 'n goeie verblyf toegewens. Vir die volgende drie maande was ons omtrent elke Sondag en ook baie ander dae van die week genooi vir koffie en partymaal "Tea" (dit is wat hulle aandete hier noem).

Dit is darem 'n heel ander begin as wat geskets is in die artikel: "Geloofservarings in Engeland", dan nie? Anders as in daardie situasie, het ons presies geweet wat om in die eredienste te verwag. Ook die ampsdraers hier het geweet wat hulle aan ons het, wat betref ons geloofslewe. Ons het mos 'n belydenisattestaat ingedien wat geteken was deur 2 ouderlinge van ons vorige gemeente. En dit wat ons beloof het toe ons belydenis gedoen het in Suid-Afrika, geld ook in die kerke hier, naamlik om as 'n lewende lid van die kerk die bediening van die Woord en sakramente ywerig te soek, ons gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede en tot uitbouing van die koninkryk van God aan te wend en dat ons ons aan die Christelike vermaning en tug sal onderwerp as ons in leer of lewe ons misgaan.

In die tyd dat ons reeds hier woon, kon ons dan ook duidelik opmerk dat daar werklik na mekaar omgesien word as broeders en susters in die geloof. Probleme word ook daadwerklik aangespreek.

Omdat hier nie regtig werkloosheid is nie (0.8%) en die meeste jong mense al begin verdien as hulle 16 of 18 jaar oud is, is die meeste mense finansieel welgesteld. Hierdie kwessie word dikwels in die preke op so 'n wyse aangespreek dat ons nie ons hoop moet bou op aardse dinge nie, maar dat ons vir ons skatte in die hemel bymekaar moet maak.

'n Ander probleem wat duidelik aangespreek word, is die verhoudings wat jeug aanknoop met vriende buite die kerk. Ouers sowel as die jeug van die kerk word duidelik gewys op die gevare van dié soort verhoudings. Daar het 'n artikel in die "bulletin" (mededelingsblad) verskyn wat spesifiek hieroor gehandel het en waarin die volgende tekste aangehaal is: Deut. 22:2; 1 Kor. 6:14 en 1 Kor. 7:39. Hierin is die lidmate verder gewaarsku om nie jouself te probeer troos deur te dink: "miskien is dit die Here se manier om so en so by die kerk te bring" nie. Nee, moet dit nie eers begin nie. Moenie wys wees in jou eie oë nie, maar onderwerp jou aan en eerbiedig die wet van God.

In die gemeente waar ons is, is daar 256 belydende lidmate. Daar is twee mannevereenigings en twee vrouevereenigings en een vereniging op 'n weeksoggend; by almal is daar gemiddeld tussen vyftien en twintig lede teenwoordig.

Ons gemeente het onlangs 'n nuwe kerkgebou gebou en dit is aan die begin van verlede maand ingewy. Ons staan nou bekend as die Free Reformed Church of Southern River. Tydens die verloop van hierdie bouprojek is daar baie Saterdae "bussy beez" gehou waar die gemeente se mans handewerk verrig het en die dames die kos aangedra het – dit het my baie herinner aan die dae toe ons die Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria gebou het (en as ek ouer was seker ook aan die kerkgebou in 28ste Laan, Pretoria).

Bogenoemde is maar net 'n paar voorbeelde om uit te wys dat ons as gesin in hierdie gemeente tuisvoel, omdat die kenmerke van die ware kerk ook hier duidelik na vore kom. As ons NGB artikels 27 en 28 lees, gaan dit oor die algemene Christelike Kerk. Daar bely ons 'n katolieke kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo. Daarbuite is daar geen saligheid nie. Ons is dus verplig om by die ware kerk aan te sluit en om die eenheid van die kerk te bewaar. En om almal, as lede van een en dieselfde liggaam, ons aan sy tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig, en om mekaar met die gawes wat God aan elkeen van ons uitgedeel het (Ef. 4:12), in die opbou van ons geloof te dien.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
Tel. 012 332 0943
E-pos (Stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:
Printburo
Tel. 012 335 9134

Redaksie:
Greet de Vries
Hans Moes
Petro Hofsink
Juul Douma
Riaan van Alten
Herman van der Linden

Redaksieadres:
e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel 021 919 5176

Administrasie:
Mev. L Ros
Posbus 23931
Gezina, 0031
Tel. 012 332 0127

Nederland:
Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	€10
RSA	per hand	R90
	per pos	R110
Buiteland:		
	Seepos	€30
	Lugpos	€40

En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle by dié vergadering aan te sluit (Hebr.10:25), waar God dit ook al gevestig het.

Ek glo dat die gemeenskap van die heiliges wat ons die afgelope paar jaar hier mag beleef, nie is omdat die mense hier so behoudend of konserwatief is nie, maar omdat ons drie-enige God almagtig is en deur sy genade alleen sy kerk hier op aarde vergader. Nie net hier nie, maar oor die hele wêreld. Hy werk ook die sondebesef in ons harte, sodat ons kan weet dat ons geneig is tot alle kwaad en dat ons nie deur eie krag staande kan bly nie. Ons is deel van die Liggaam van Christus. Daarom mag ons nie, nadat ons van sy kerk onttrek het en 'n heenkome iewers in Engeland gevind het, sê dat die Here ons pad so gelei het nie. Ons mag nie ons eie besluite so probeer goedpraat nie. Want die Here sê tog duidelik in sy Woord aan ons om nie ons onderlinge byeenkomste te versuim nie.

Watter uitwerking kan 'n artikel soos "Geloofservarings in Engeland" hê op ons jongmense in die kerk? Jeug van die kerk kan dit as 'n vrypas gebruik om maar enige ander kerk te gaan toets onder die vaandel van "geloofservaring" en dit kan so dalk 'n struikelblok vir hulle word (1 Kor. 10:32).

Laat ons daarom as kinders van die Allerhoogste God ons nietigheid besef, en doen wat Hy in sy wet van ons vra. Bid dat Hy sy kerk sal bewaar in hierdie sondige wêreld en dat Hy ook met sy Gees in ons harte sal bly werk, sodat ons ook in die gemeentes waar Hy ons geplaas het, mekaar in liefde sal ondersteun en vermaan tot opbouing van sy Koninkryk.

• ‡ • ‡ •

Sleutelgat

Loer jy deur die sleutelgat
in die dieptes van my hart,
sien jy die geveg
tussen goed en sleg,
dat die satan telkens weer
die goeie in my hart wil keer.

Daarom bid ek Heer,
wil die aanslag in my keer.
Laat u Heil'ge Gees
altyd in my besig wees.
Laat Hy altyd saam met my,
teen die sonde in my stry.

Maak my wapenrusting sterk.
Maak my strydbaar vir u kerk.
As ek in die stryd beland
hou U dan my wapenhand.
Is my aardse stryd verby
mag ek ewig by U bly.

Uit "Stuifsand"
K. van der Veen

Kennisgewing:

Van 25 Julie tot 10 Oktober is ivm met afwesigheid van Juul Douma, die redaksie-adres vgkcpt@mweb.co.za